Die Einde...

The End. Sal ek ooit hierdie twee woordjies aan die einde van die movie op die groot skerm van die inry-teaters vergeet? As kind wou ek dit nooit sien nie, veral as dit 'n mooi storie was.

En toe ek nou die dag uit die Psalms lees, terwyl oom DP se kis in die graf afsak, was dit vir my weereens die einde van 'n goeie storie met "THE END" op die skerm; met dieselfde teleurstelling in my hart.

Maar dis eers die volgende oggend tussen die shacks by Let's Help Africa se tyre-tuin projek, dat ek snap hoe 'n mens hierdie twee end-woorde behoort te skryf: "THE END..."; 'n oop einde.

Die saad moet eers in die grond lê en 'n metamorfose ondergaan alvorens dit 'n plantjie kan wees. Die hoop lê in die dood van die saad, sê Hannes, my boer-vriend, ten diepste vir die Mammas van die township. Lewe na die dood, praat die mooi-boek Bybel daarvan.

"Hoop in die dood", lui die antitese. The story of life. Die Alfa is ook die Omega, die Begin is ook die Einde. Twee kante van dieselfde muntstuk. Die waarde van die muntstuk lê nie slegs in die een kant nie, maar in die kombinasie van die twee. Die een gee waarde aan die ander. Die een definieër die ander.

Hartseer definieër die vreugde; dit kom in dieselfde pakkie. Die afdraend kan nie sonder die opdraend nie.

Die een is die saad vir die ander.

En eintlik sterf die saad nie; nie regtig nie. Dit verander slegs tot iets meer, beter, hoër, mooier!

Lê die begin in die einde?

Lê die goeie in die sleg opgesluit?

Kan dit wees dat iets eers tot 'n einde moet kom voordat iets beter kan begin? Kan sleg dan goed wees?

Dít blyk die storie van die lewe te wees. Die verhoging lê anderkant die vernedering; liefde anderkant vrees; die opbou anderkant die afbreek; wins anderkant verlies; wen anderkant verloor; die nuwe anderkant die oue; lag anderkant huil.

Die Alfa-Omega-siklus laat nie toe dat die einde die einde bly nie. Dit herposisioneer net die oue en skep uit dit die nuwe, want aan die einde van alles lê die begin van alles.

En as die movie op die Grootdoek van die lewensfilm ge-eindig het, het dit weer begin. En dit verbly my kinderhart.

Want in God se wetenskap is die einde slegs die begin!!!

- Pierre Grigor -